




# Eenheid vir Gestremdhede (EG)

SENTRUM VIR STUDENTEVOORLIGTING EN -ONTWIKKELING (SSVO)  
VICTORIASTRAAT 37 • STELLENBOSCH



UNIVERSITEIT  
STELLENBOSCH  
UNIVERSITY



*“Om kwesbaar te wees, is menslik.”*

# ons doelwit

Die Universiteit Stellenbosch (US) wil binne ’n raamwerk van bekostigbaarheid en billikheid die wydste moontlike spektrum van ons diverse Suid-Afrikaanse bevolking dien deur, onder andere:

- studente met spesiale leerbehoefte as volwaardige, ten volle geïntegreerde lede van die studentegemeenskap te aanvaar;
- ’n holistiese bewustheid van hierdie studente te skep; en
- die Eenheid vir Gestremdhede (EG) in die Sentrum vir Studentevoorrigting en -ontwikkeling (SSVO) aan te stel om steundienste vir US-studente met gestremdhede te koördineer.

# ons visie

Om ’n bemagtigende omgewing te skep wat studente met spesiale leerbehoefte holisties bemagtig om hulle volle potensiaal te verwesenlik.



# ons missie

Ons wil hierdie visie uitvoer:

- deur alle personeel en studente oor die hele kampus van diverse leerbehoefte en gestremdhede bewus te maak;
- deur geskikte steunegnologie te verskaf en die gebruik daarvan uit te brei;
- deur fisiese toegang tot die omgewings op kampus te fasiliteer;
- deur ingesteldhede met behulp van daadwerklike voorspraak te verander;
- deur voortgesette navorsing en die ontwikkeling van ons dienste;
- deur organisatoriese steun aan Dis-Maties ('n ondersteuningsgroep déúr studente met gestremdhede vir studente met gestremdhede) te bied;
- deur studente met spesiale leerbehoefte met behulp van holistiese ondersteuning (ten opsigte van akademiese, sosiale en sielkundige kwessies sowel as omgewingsaanpassings) doeltreffend te help integreer;
- deur assessering en kurrikula aanpassings te fasiliteer sodat optimale leer kan plaasvind; en
- deur raadgewende ondersteuning aan personeel te bied sodat hulle doeltreffende leeromgewings vir studente met spesiale leerbehoefte kan skep.

Die EG is die beginpunt vir gekoördineerde dienste aan studente met gestremdhede. Ons lewer steundienste wat juis op jou behoeftes afgestem is. Dit is dus belangrik dat jy die EG in kennis stel van jou omstandighede en jou unieke behoeftes. Alle versoeke vir ondersteuning moet deur ondersteunende dokumente vergesel word. Maak gerus ook 'n afspraak en kom gesels met ons. Skakel 021 808 4707 of e-pos [disability@sun.ac.za](mailto:disability@sun.ac.za) vir navrae.

## 1 Wat verstaan ons onder spesiale leerbehoefte?

Persone met gestremdhede sluit in diegene wat langtermyn fisiese, sielkundige, intellektuele of sensoriese inkortings het, wat in interaksie met verskeie hindernisse hierdie persone se volle en effektiewe deelname in die samelewing op 'n gelyke basis met ander belemmer (VN Handves vir die Regte van Persone met Gestremdhede, 2006).

## 2 Hoe om aansoek te doen vir 'n graadprogram en akkommodasie aan die US

Doen aansoek op die US-aansoekvorm óf elektronies (<http://www.maties.com/afrikaans-apply.html>). Alle studente moet die Nasionale Normtoets (NNT) aflê. Vir meer inligting, skakel regstreeks met die NNT-projekspan by [www.nbt.ac.za](http://www.nbt.ac.za). Hulle reël ook ekstra skryftyd vir die NNTe.

## 3 Akkommodasie op en naby die kampus

Daar is tans vyf voorgraadse dameskoshuise (Heemstede, Sonop, Monica, Lydia en Irene) en twee voorgraadse manskoshuise (Simonsberg en Eendrag) met beperkte geriewe vir studente met gestremdhede. Drie gemengde koshuise, Huis de Villiers, Concordia en Huis Russel Botman, is toegerus vir senior studente met fisiese gestremdhede. Metanoia, 'n voorgraadse gemengde koshuis, het ook beperkte geriewe vir voorgraadse studente met fisiese gestremdhede.

Sover die begroting dit toelaat, word daar ook daadwerklike en ad hoc-aanpassings aangebring om die Universiteit se geriewe so toeganklik moontlik vir studente met gestremdhede te maak. Dit is baie belangrik dat spesiale behoeftes vroegtydig by die koshuishoof of die EG aangemeld word, sodat die nodige aanpassings aangebring kan word. Skakel gerus met die Universiteit se Kliëntedienssentrum by [info@sun.ac.za](mailto:info@sun.ac.za) of 021 808 9111 vir enige verdere navrae.

Vir privaatakkommodasie kontak Kommersiële Dienste by 021 808 3950, Neelsie Eiendomme in die Neelsie Studentesentrum by 021 887 3780 of besoek Students Stellies Stay by <http://www.stellies-student-stay.co.za>.



## 4 Toeganklikheid van akademiese geboue en terreine

Die EG en Fasiliteitsbestuur skakel deurgaans met mekaar om die toeganklikheid van akademiese geboue te verbeter. Verskeie akademiese geboue en ander fasiliteite is reeds ten volle toeganklik, en nuwe aanpassings word voortdurend aangebring om in nuwe behoeftes te voorsien namate dit ontstaan. Toeganklikheid word gedurig in gedagte gehou wanneer nuwe fasiliteite en opknappings beplan word. Studente word ook aangemoedig om enige toeganklikheidsprobleme onmiddellik by Fasiliteitsbestuur by 021 808 4666 aan te meld.

## 5 Sportaktiwiteite

Die Universiteit bied 'n verskeidenheid sportsoorte vir studente met gestremdhede aan. Kontak mnr Wentzel Barnard by 021 808 3537 of [wwb2@sun.ac.za](mailto:wwb2@sun.ac.za) vir meer besonderhede.

## 6 Spesiale eksamens

Spesiale reëlings, soos ekstra skryftyd of die voorsiening van vraestelle met groter lettertipe, kan vir eksamens en toetse getref word. Aansoek hierom sluit jaarliks in Februarie, April, Augustus en September. Besoek [www.mymaties.com](http://www.mymaties.com) om 'n aansoekvorm te druk en ook meer inligting oor sluitingsdatums asook terugvoer op die uitslag van jou aansoek te kry.

## 7 Omskakeling van studiemateriaal in Braille

By die Braille-kantoor by HUMARGA (een van die Universiteit se rekenaargebruikersareas wat in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe geleë is) word klasnotas, voorgeskrewe boeke, artikels, transparante sowel as toets- en eksamenvraestelle in toeganklike formate soos Braille omgeskakel. Hierdie diens word gedeeltelik deur die Lombardi-trust en die Carl & Emily Fuchs-stigting gefinansier. E-pos [braille@sun.ac.za](mailto:braille@sun.ac.za) vir meer inligting.

## 8 Spesiale rekenaars

Rekenaars met skermlees-, vergrotings- en spraak-tot-teks-programmatuur (soos JAWS for Windows en ZoomText) sowel as 'n masjien wat teks vergroot, is by HUMARGA (lokale 356 en 360) beskikbaar vir gebruik deur blinde of swaksierende studente. Brilledrukkers is ook hier beskikbaar. Hierdie rekenaars is aan die Universiteit se netwerk gekoppel en bied toegang tot e-pos en die internet. Vir meer inligting oor programmatuur of om 'n skootrekenaar te koop, kontak Petro Newman by 021 808 2128.



## 9 Biblioteekgebruik

Studente wat hulp en/of opleiding nodig het om biblioteek- en inligtingsbronne op te spoor, kan via e-pos met hul fakulteitbibliotekaris (http://library.sun.ac.za/Afrikaans/aboutus/contactus/Pages/fbs.aspx) skakel of die bibliotekaris persoonlik besoek. Die JS Gericke-biblioteek en die Musiekbiblioteek (in die Konservatoriumgebou) het elk 'n rekenaar met JAWS for Windows en ZoomText waarop blinde en swaksierende studente deur die biblioteke se webwerwe (http://library.sun.ac.za/afrikaans) kan lees.

## 10 Toeganklike parkeerplek



Die US maak spesiale voorsiening vir die parkeerbehoefte van studente met fisiese gestremdhede. Die EG kan jou 'n parkeerskyfie help bekom wat aan jou toegang tot die aangewese parkeerplekke agter die valhefbome sal verleen. Skakel met me Melanie Willems by 021 808 3675 of mwillems@sun.ac.za vir hulp.

## 11 Akademiese werkwinkels en sielkundige dienste

Die SSVO bied verskeie dienste aan studente met gestremdhede. Individuele bystand word gebied en werksessies gereël met betrekking tot onder andere persoonlike probleme, loopbaanbeplanning, stresbestuur, werksoekvaardighede, tydbestuursvaardighede, akademiese probleme, studie- en denkvaardighede. Gebaretaalklasse word ook aangebied. Besoek [www.sun.ac.za/ssvo](http://www.sun.ac.za/ssvo).

## 12 Akademiese tutors

Vir akademiese ondersteuning in individuele vakke, skakel met die betrokke dosente in jou Fakulteit.



## 13 Mentors in koshuise

Alle eerstejaarstudente het toegang tot mentors in die koshuis waar hulle woon sowel as via die privaat studente organisasie (PSO)-wyke. Hierdie mentors kan emosionele en akademiese steun bied. Dit is raadsaam om in noue verbinding met die gekose mentors in jou koshuis of PSO te bly.



## 14 Studenteverenigings

Jy is welkom om by een van die vele studenteverenigings op kampus aan te sluit, soos Dis-Maties, Maties Dansvereniging, ensovoorts. Besoek [www.mymaties.com](http://www.mymaties.com) op die studenteportaal vir meer inligting.

## 15 Finansiële hulp

Indien jy finansiële hulp nodig het met betrekking tot studiegeld of huisvesting, skakel met me Lynette Williams by die Afdeling Beurse en Lenings by 021 808 4627 of [lrw@sun.ac.za](mailto:lrw@sun.ac.za).

## 16 Skryflab

Die Taalsentrum se Skryflab by Crozierstraat 22 (oorkant die Departement Drama) bied hulp met skryfvaardighede en die skryf van werkstukke en take. Skakel met me Anne-Mari Lackay by 021 808 2167 in dié verband.







## 17 **Kampusgesondheidsdienste**

Op Stellenbosch-kampus is dokters en verpleegkundiges beskikbaar by Kampusgesondheidsdienste by Claassenstraat 7, langs Metanoiakos-huis. Bel hulle by 021 808 3496/3494. Kampusgesondheidsdienste op Tygerbergkampus is in die Studentesentrum in Francie van Zijl-rylaan geleë. Hulle telefoonnommer is 021 938 9590. Daar is ook 'n sielkundige op Tygerbergkampus met wie jy by 021 938 9590 kan skakel.

## 18 **Oriënteringssessie**

'n Oriënteringssessie vir nuwe studente word deur die EG gedurende die Universiteit se Verwelkomingsweek in Januarie aangebied. Studente word aangeraai om hierdie sessie by te woon en daarna gereeld kontak met die EG te handhaaf. Dit word ook aanbeveel dat studente die jaar voor hulle voorgenome studie aan die US met die EG skakel en die Universiteit besoek om met die omgewing vertrouwd te raak. Kontak me Marcia Lyner-Cleophas by 021 808 3497 of [cleophas@sun.ac.za](mailto:cleophas@sun.ac.za) in hierdie verband.

## 19 **US Risiko- en Beskermingsdienste (voorheen USBD)**

Die US Risiko- en Beskermingsdienste verseker kampusveiligheid en help ook ten tyde van noodgevallen op kampus. Bel die beheerkamer by 021 808 4666. Hulle is voltyds beskikbaar.

## 20 **Krisisdiens**

'n Voltydse krisisdiens vir emosionele en sielkundige noodgevallen is bereikbaar by 082 557 0880. Klop ook gerus aan by Victoriastraat 49 tydens kantoorure (08:00 – 16:30) indien jy 'n sielkundige noodgeval het.



# baie belangrik!

Dit is belangrik dat jy deurgaans met jou dosente oor jou behoeftes skakel, veral wanneer daar in die jaar 'n verandering van dosente plaasvind. Jy weet beter as wat die EG of enigiemand anders ooit kan weet watter uitdagings jy in jou akademiese lewe ondervind. Dit is dus hoofsaaklik j<sup>o</sup>u verantwoordelikheid om te sorg dat jou dosente op hoogte van jou leerbehoefte is. Die EG sal jou bystaan, veral aan die begin van jou studie, maar daar word aanbeveel dat jy 'n goeie verhouding met jou dosente opbou sodat hulle jou kan leer ken en vir die volle duur van jou studies van jou behoeftes bewus bly. Dit is ook noodsaaklik dat jy <sup>o</sup>ns van jou behoeftes inlig, sodat ons jou kan bystaan.



*“As jy hulp wil aanbied, vra eers.”*

# kontak ons

Vir enige navrae, probleme of kommentaar, skakel gerus met of besoek die Braille-sentrum of die EG.

## Braille-spesifieke navrae:

braille@sun.ac.za

## EG-spesifieke navrae:

disability@sun.ac.za

## Me Marcia Lyner-Cleophas

Hoof: EG

Victoriastraat 37

Tel: 021 808 4707

Faks: 021 808 4706

E-pos: cleophas@sun.ac.za

Ons fisiese adres is:

**Victoriastraat 37, Stellenbosch**

(langs die Konservatorium)



Besoek ons by:

**[www.sun.ac.za/ssvo](http://www.sun.ac.za/ssvo)**



Skakel met ons op Twitter:

**[@sudisabilityupdate](https://twitter.com/sudisabilityupdate)**

